UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXX.] PRICE 6d. PRETORIA, 31 OCTOBER / 31 OKTOBER 1952. PRYS 6d. [No. 4951.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No. PAGE

House of Assembly.

Vacancy in the House of Assembly: Wolmaransstad 93

Bill.

Native Labour (Settlement of Disputes) Act, 1953 (*G.G.E.* No. 4946).

Proclamations.

✱ 246. Withdrawal of Criminal Jurisdiction conferred upon the Assistant Native Commissioner: Zebediela 1
✱ 247. Levy of Special Rate on the Mahlalela Native Tribe under Acting Chief Gija Mahlalela 1
✱ 248. Proclaimed Area of Pretoria 2
✱ 249. Proclaimed Area of Vryheid District ... 3
✱ 250. Proclaimed Area of the Municipality of Vryheid 3
✱ 251. Tax Agreements between the Union and the United States of America with regard to Taxes on Income 4
✱ 252. Tax Agreements between the Union and the United States of America with regard to Taxes on the Estates of Deceased Persons 5
✱ 253. Loskop Government Irrigation Area: Excision of Municipal Areas 6
✱ 254. Application of Customs Rates of Duty: Western Sectors of Berlin 7
✱ 255. Date of Coming into Operation of the Group Areas Act, 1950, in the Province of the Orange Free State 7
✱ 256. Withdrawal of the Provisions of Sections 12 and 13 of the Group Areas Act, 1950, from the Provinces of the Cape of Good Hope, Natal and the Transvaal, except in Certain Areas 8
✱ 257. Restriction of the Application of the Provisions of Paragraph (*h*) of Subsection (2) of Section 10 of the Group Areas Act, 1950, in Certain Areas in the Union of South Africa, and the Application of the Provisions of Paragraph (*h*) *bis* of the said Act in the Union of South Africa, except in Certain Areas 9
✱ 258. Definition of a Group in terms of Section 2 of the Group Areas Act, 1950 10
✱ 259. Levy of Special Rate on the Native Community under Chief Johannes Makasane Shigalo 10
✱ 260. Companies Amendment Act, 1952 11

Government Notices.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:

✱ 2513. Amendment of Rubric 23 of the Table of Precedence for the Union of South Africa 11
✱ 2515. Appointment of Acting Minister of Defence 11

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No. BLADSY

Volksraad.

Vakature in die Volksraad: Wolmaransstad 93

Wetsontwerp.

Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van Geskille), 1953 (*B.S.* No. 4946).

Proklamasies.

✱ 246. Intrekking van Kriminele Regsmag verleen aan die Assistent-naturellekommissaris: Zebediela 1
✱ 247. Heffing van Spesiale Belasting van die Mahlalela-naturellestam onder Waarnemende Kaptein Gija Mahlalela ... 1
✱ 248. Geproklameerde Gebied van Pretoria ... 2
✱ 249. Geproklameerde Gebied van die Distrik Vryheid 3
✱ 250. Geproklameerde Gebied van die Munisipaliteit van Vryheid 3
✱ 251. Ooreenkoms tussen die Unie en die Verenigde State van Amerika met Betrekking tot Belastings op Inkomste 4
✱ 252. Ooreenkoms tussen die Unie en die Verenigde State van Amerika met Betrekking tot Belastings op die Boedels van Oorlede Persone 5
✱ 253. Staatsbesproeiingsgebied Loskop: Uitsnyding van Munisipale Gebiede 6
✱ 254. Toepassing van Doeaneregte: Westelike Sektors van Berlyn 7
✱ 255. Datum van Inwerkingtreding van die Wet op Groepsgebiede, 1950, in die Provinsie Oranje-Vrystaat 7
✱ 256. Intrekking van die Bepalings van Artikels 12 en 13 van die Wet op Groepsgebiede, 1950, in die Provinsies Kaap die Goeie Hoop, Natal en Transvaal, Uitgesonderd in Sekere Gebiede 8
✱ 257. Beperking van die Toepassing van die Bepalings van Paragraaf (*h*) van subartikel (2) van Artikel 10 van die Wet op Groepsgebiede, 1950, in Sekere Gebiede in die Unie van Suid-Afrika, en die Toepassing van die Bepalings van Paragraaf (*h*) *bis* van Genoemde Wet in die Unie van Suid-Afrika, Uitgesonderd in Sekere Gebiede 9
✱ 258. Omskrywing van 'n Groep ooreenkomstig Artikel 2 van die Wet op Groepsgebiede, 1950 10
✱ 259. Heffing van Spesiale Belasting van die Naturellegemeenskap onder Kaptein Johannes Makasane Shigalo 10
✱ 260. Wysigingswet op Maatskappye, 1952 ... 11

Goewermentskennisgewings.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:

✱ 2513. Wysiging van Rubriek 23 van die Voorrangslys vir die Unie van Suid-Afrika 11
✱ 2515. Aanstelling van Waarnemende Minister van Verdediging 11

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
* 2496.	Appointment of Acting Shipping Master: Port Elizabeth	11
* 2497.	Appointment of Acting Shipping Master: Cape Town	11
* 2498.	Appointment of Acting Collector of Customs and Excise: Port Elizabeth	11
* 2499.	Appointment of Acting Collector of Customs and Excise: Cape Town	12
* 2507.	South African Reserve Bank: Weekly Statement	12
* 2512.	Monthly Returns by Commercial Banks	12
* 2516.	Statement of Provincial Revenue Collections	13
* 2517.	Statement of Revenue and Loan Recoveries	14
	DEPARTMENT OF LANDS:	
* 2481.	Holdings Available for the Accommodation of Probationary Lessees on the Riet River Settlement	15
* 2510.	National Parks Board of Trustees: Appointment of Member	15
	DEPARTMENT OF IRRIGATION:	
* 2478.	Amendment to Regulations for the Hire of Government Water Drills	15
* 2493.	Amendment to Regulations for the Hire of Government Water Drills	15
* 2494.	Bospoort Government Irrigation Area: Amendment of Government Notice No. 1136 of 1951	16
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
* 2482.	Establishment of Regional Division and Regional Court: South Transvaal: Extension of Area	16
* 2483.	Abolition of the Court of Special Justice of the Peace: Bonnievale	16
* 2508.	South African Police: Appointment of Acting Commissioner	16
	DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:	
* 2484.	Officers' Staff Regulations: Regulation No. 60	17
* 2485.	Employees' Staff Regulations: Regulation No. 101	17
* 2486.	Railway and Harbour Police Regulations: Regulation No. 22	17
* 2487.	Officers' Staff Regulations: Regulations Nos. 1, 2, etc.	18
* 2488.	Employees' Staff Regulations: Regulations Nos. 1, 2, etc.	18
* 2489.	Employees' Staff Regulations: Regulation No. 48	19
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
* 2466.	Maximum Prices of Batteries Manufactured in the Union (*G.G.E.* No. 4948).	
* 2467.	Maximum Prices of Bags Hessian and Woolpacks (*G.G.E.* No. 4948).	
* 2468.	Maximum Prices of Cigarettes (*G.G.E.* No. 4948).	
* 2469.	Tobacco Prices Amendment (*G.G.E.* No. 4948).	
* 2509.	Diseases of Stock Regulations: Determination of Areas	19
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
* 2520.	Customs Tariff Applications: List No. 75	21
* 2521.	Amendments to the Fourth Schedule of the Companies Act, No. 46 of 1926	21
* 2522.	Companies Registration Regulations: Amendments	25
	DEPARTMENT OF INTERIOR:	
* 2480.	Newspaper and Imprint Act, 1934: Imprint Abbreviations Registered	29
* 2506.	Small Price Index Numbers for September, 1952	30
	DEPARTMENT OF DEFENCE:	
* 2500.	Appointment of Units as Units of the Active Citizen Force	30
* 2514.	Appointment of Under Secretary for Defence to Act as Secretary for Defence	30

(Continued on inside back cover.)

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
* 2496.	Aanstelling van Waarnemende Koopvaardymeester: Port Elizabeth	11
* 2497.	Aanstelling van Waarnemende Koopvaardymeester: Kaapstad	11
* 2498.	Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns: Port Elizabeth	11
* 2499.	Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Doeane en Aksyns: Kaapstad	12
* 2507.	Suid-Afrikaanse Reserwe Bank: Weeklikse Staat	12
* 2512.	Maandelikse Opgawes van Handelsbanke	12
* 2516.	Staat van Invordering van Provinsiale Inkomste	13
* 2517.	Staat van Inkomste en Leningsterugbetalings	14
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
* 2481.	Hoewes beskikbaar vir die Plasing van Proefhuurders op die Rietrivier-nedersetting	15
* 2510.	Raad van Kuratore vir Nasionale Parke: Aanstelling van Lid	15
	DEPARTEMENT VAN BESPROEIING:	
* 2478.	Wysiging van Regulasies vir die Huur van Goewermentswaterboormasjiene	15
* 2493.	Wysiging van Regulasies vir die Huur van Goewermentswaterboormasjiene	15
* 2494.	Staatsbesproeiingskema van Bospoort: Wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1136 van 1951	16
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
* 2482.	Instelling van Streekafdeling en Streekhof: Suid-Transvaal	16
* 2483.	Afskaffing van die Hof van die Spesiale Vrederegter: Bonnievale	16
* 2508.	Suid-Afrikaanse Polisie: Aanstelling van Waarnemende Kommissaris	16
	DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS:	
* 2484.	Personeelregulasies vir Amptenare: Regulasie No. 60	17
* 2485.	Personeelregulasies vir Werksmanne: Regulasie No. 101	17
* 2486.	Spoorweg- en Hawepolisieregulasies: Regulasie No. 22	17
* 2487.	Personeelregulasies vir Amptenare: Regulasies Nos. 1, 2, ens.	18
* 2488.	Personeelregulasies vir Werksmanne: Regulasies Nos. 1, 2, ens.	18
* 2489.	Personeelregulasies vir Werksmanne: Regulasie No. 48	19
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
* 2466.	Maksimum Pryse van Batterye Vervaardig in die Unie (*B.S.* No. 4948).	
* 2467.	Maksimum Pryse van Sakke, Goiing- en Wolsakke (*B.S.* No. 4948).	
* 2468.	Maksimum Pryse van Sigarette (*B.S.* No. 4948).	
* 2469.	Tabakpryse: Wysiging (*B.S.* No. 4948).	
* 2509.	Veesiekteregulasies: Bepaling van Gebiede	19
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
* 2520.	Doeanetariefaansoeke: Lys No. 75	21
* 2521.	Wysigings in die Vierde Bylae van die Maatskappywet, No. 46 van 1926	21
* 2522.	Regulasies betreffende die Registrasie van Maatskappye: Wysigings	25
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
* 2480.	Nuusblad- en Drukkersnaamwet, 1934: Afkortings van Drukkersname Geregistreer	29
* 2506.	Kleinhandelprys-indekssyfers vir September 1952	30
	DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:	
* 2500.	Aanstelling van Eenhede as Eenhede van die Aktiewe Burgermag	30
* 2514.	Aanstelling van Ondersekretaris van Verdediging om Waar te Neem as Sekretaris van Verdediging	30

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 246, 1952.]

WITHDRAWAL OF CRIMINAL JURISDICTION CONFERRED UPON THE ASSISTANT NATIVE COMMISSIONER, ZEBEDIELA AND DISESTABLISHMENT OF THE COURT OF NATIVE COMMISSIONER, ZEBEDIELA.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *nine* and sub-sections (1) and (3) of section *ten* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), as amended, I hereby withdraw Proclamations Nos. 4 and 69 of 1949.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirtieth day of September, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 247, 1952.]

LEVY OF SPECIAL RATE ON THE MAHLALELA NATIVE TRIBE UNDER ACTING CHIEF GIJA MAHLALELA.

Whereas the Mahlalela Native Tribe under Acting Chief Gija Mahlalela in the District of Barberton has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of raising funds for the education of the chief's sons and the sons of other tribesmen selected by the tribe;

And whereas the Minister of Native Affairs is satisfied that the majority of the taxpayers of the tribe desires such a levy and approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended by section *nine* of Act No. 37 of 1931, I do hereby declare as follows:—

1. A special rate of 2s. 6d. per annum is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

2. The special rate hereby levied shall be operative from the year 1952 and shall become due and payable on the 1st November, 1952, in respect of the year 1952, and on the 1st January in each succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 246, 1952.]

INTREKKING VAN KRIMINELE REGSMAG VERLEEN AAN DIE ASSISTENT NATURELLEKOMMISSARIS, ZEBEDIELA, EN AFSKAFFING VAN DIE NATURELLEKOMMISSARISHOF, ZEBEDIELA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* en subartikels (1) en (3) van artikel *tien* van die Naturelleadministrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), soos gewysig, trek ek Proklamasies Nos. 4 en 69 van 1949 hierby in.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Dertigste dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 247, 1952.

HEFFING VAN SPESIALE BELASTING VAN DIE MAHLALELA NATURELLESTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN GIJA MAHLALELA.

Nademaal die Mahlalela naturellestam onder waarnemende kaptein Gija Mahlalela in die distrik Barberton vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting met die doel om fondse vir die opvoeding van die kaptein se seuns en die seuns van ander stamgenote wat deur die stam gekies word, te verkry;

En nademaal die Minister van Naturellesake oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van die stam so 'n heffing verlang en die doel goedkeur waarvoor dit opgelê word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig by artikel *nege* van Wet No. 37 van 1931, hierby as volg verklaar:—

1. 'n Spesiale belasting van 2s. 6d. per jaar word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

2. Die spesiale belasting wat aldus gehef word, is betaalbaar vanaf die jaar 1952 en is verskuldig op 1 November 1952 ten opsigte van die jaar 1952, en op 1 Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱No. 248, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF PRETORIA.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby declare that with effect from the first day of the month following the month during which publication hereof takes place (the said day is hereinafter referred to as the fixed date), the area defined in the accompanying Schedule shall be an area subject to the provisions of the said section;

And I further require the City Council of Pretoria to exercise with effect from the fixed date in the said area the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold and coal the said powers shall be exercised by me and not by the City Council of Pretoria;

And I further declare that Proclamation No. 126 of 1949 is hereby repealed with effect from the fixed date.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF PRETORIA.

A certain piece of land as shown on a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at the most western beacon of Portion "A" of the farm Klipfontein No. 482, Magisterial District of Pretoria; proceeding thence generally eastwards along the boundaries of and including the following farms: Portion "A" Klipfontein No. 482, Haakdoornboom No. 370, the south-western portion of Honingnestkrans No. 121, Rooiwal No. 422, Waterval No. 125, Doornpoort No. 506, Zeekoegat No. 287 and Leeuwfontein No. 320 to the most eastern beacon of the last-named farm; thence generally south-westwards along the boundaries of and including the following farms: Leeuwfontein No. 320, Franspoort No. 174, Hatherley No. 22, Zwartkoppies No. 289, Tweefontein No. 423, Garstfontein No. 428, Rietfontein No. 448, Rietvley No. 221 to the south-eastern beacon of the last named farm; thence generally westwards and north-westwards along the boundaries of and including the following farms: Rietvley No. 221, Doornkloof No. 449, Lyttelton No. 633, Zwartkop No. 476, Swartkop No. 68, Mooiplaats No. 69, Hoekplaats No. 601 and Vlakplaats No. 216 to the south-western beacon of the last-named farm; thence generally northwards along the boundaries of and including the following farms: Vlakplaats No. 216, Schurveberg No. 381, Elandsfontein No. 35, Broekscheur No. 616, Boekenhoutkloof No. 263, Strydfontein No. 630 and Strydfontein No. 606, to the most western beacon of portion "A" of the farm Klipfontein No. 482, being the place of commencement.

✱ No. 248, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN PRETORIA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die gebied wat in bygaande Bylae omskryf is, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin afkondiging hiervan geskied (genoemde dag word hieronder die bepaalde datum genoem) 'n gebied sal wees wat aan die bepalings van genoemde artikel onderworpe is;

En verder gelas ek die Stadsraad van Pretoria om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die bepaalde datum in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of stenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my, en nie deur die Stadsraad van Pretoria nie, uitgeoefen word;

En verder verklaar ek dat Proklamasie No. 126 van 1949 hierby met ingang van die bepaalde datum herroep word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN PRETORIA.

'n Sekere stuk grond soos aangetoon op 'n plan in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake geliasseer en begrens soos volg:—

Vanaf die westelike baken van Gedeelte „A" van die plaas Klipfontein No. 482, magistraatsdistrik Pretoria; vandaar in 'n algemeen oostelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase: Gedeelte „A" Klipfontein No. 482, Haakdoornboom No. 370, die suidwestelike gedeelte van Honingnestkrans No. 121, Rooiwal No. 422, Waterval No. 125, Doornpoort No. 506, Zekoegat No. 287 en Leeuwfontein No. 320 tot by die oostelikste baken van laasgenoemde plase; daarvandaan in 'n algemeen suidwestelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase: Leeuwfontein No. 320, Franspoort No. 174, Hatherley No. 22, Zwartkoppies No. 289, Tweefontein No. 423, Garsfontein No. 428, Rietfontein No. 448 en Rietvley No. 221 tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas: daarvandaan in 'n algemeen westelike en noordwestelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase: Rietvley No. 221, Doornkloof No. 449, Lyttelton No. 633, Zwartkop No. 476, Swartkop No. 68, Mooiplaats No. 69, Hoekplaats No. 601 en Vlakplaats No. 216 tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen noordelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase: Vlakplaats No. 216, Schurveberg No. 381, Elandsfontein No. 35, Broekscheur No. 616, Boekenhoutkloof No. 263, Strydfontein No. 630 en Strydfontein No. 606 tot by die westelikste baken van Gedeelte „A" van die plaas Klipfontein No. 482, die aanvangspunt.

✱ No. 249, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF VRYHEID DISTRICT.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby declare that with effect from the first day of the month following the month during which publication hereof takes place (the said day is hereinafter referred to as the fixed date), the areas described in the Schedule hereto shall be areas subject to the provisions of the said section;

And I further declare that I shall exercise with effect from the fixed date in respect of the said areas all the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*;

And I further declare that Proclamation No. 343 of 1926 is hereby repealed with effect from the fixed date.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

PROCLAIMED AREA OF VRYHEID DISTRICT.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF VRYHEID.

The area bounded by and including the farms Schaapkopje No. 194, Bergendal No. 29, Uitvlught No. 319, Bloemhof No. 127, Emyati No. 698, Leeuwnek No. 51, Vredehof No. 299, Bloemendal No. 18, Aloeboom No. 254, Rendsburg No. 80, A of Mademoiselle No. 123, Rustenburg No. 257, Zalflager No. 525, Frischgewaagd No. 401, Koudelager No. 115, Wintershoek No. 295, Kromelleboog No. 303, Vaalbank No. 450, Rietvlei No. 150, A of Vaalbank No. 38, B of Vaalbank No. 38, Veelsgeluk No. 171, Zevenfontein of Diepkloof No. 152, B of Diepkloof No. 152, Makalusi No. 245, Waterval No. 84, Langgelegen No. 704, Mooihoek No. 129, Voorkeurplaats No. 332, Traaktaat No. 200, Gerust No. 361, Weltevreden No. 300, Vaalbank No. 266, and Nooitgedacht No. 388, and the area comprising the farms C and B of Zaaifontein No. 143, Arcadia No. 660, and Bethal No. 623.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF NGOTSHE.

The farms Wonderfontein No. 486 and Driefontein No. 151.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF UTRECHT.

The area comprising Utrecht Townlands and the farms Weltevreden No. 53, Waterval No. 51 and Politiek No. 67.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF PAULPIETERSBURG.

The area comprising Paulpietersburg Townlands.

✱ No. 250, 1952.]

PROCLAIMED AREA OF THE MUNICIPALITY OF VRYHEID.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby declare that with effect from the first day of the month following the month during which publication hereof takes place (the said day is hereinafter referred to as the fixed date) the urban area of Vryheid, Natal, shall be an area subject to the provisions of the said section;

✱ No. 249, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN DIE DISTRIK VRYHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die gebiede genoem in die Bylae hiervan, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin afkondiging hiervan geskied (genoemde dag word hieronder die bepaalde datum genoem), gebiede is waarop die bepalings van genoemde artikel van toepassing is;

Voorts verklaar ek dat ek al die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die bepaalde datum in genoemde gebiede sal uitoefen;

Voorts verklaar ek dat Proklamasie No. 343 van 1926 ingetrek word met ingang van die bepaalde datum.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN DIE DISTRIK VRYHEID.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK VRYHEID.

Die gebied begrens deur en insluitende die plase Schaapkopje No. 194, Bergendal No. 29, Uitvlught No. 319, Bloemhof No. 127, Emyati No. 698, Leeuwnek No. 51, Vredehof No. 299, Bloemendal No. 18, Aloeboom No. 254, Rendsburg No. 80, A van Mademoiselle No. 123, Rustenburg No. 257, Zalflager No. 525, Frischgewaagd No. 401, Koudelager No. 115, Wintershoek No. 295, Kromelleboog No. 303, Vaalbank No. 450, Rietvlei No. 150, A van Vaalbank No. 38, B van Vaalbank No. 38, Veelsgeluk No. 171, Zevenfontein van Diepkloof No. 152, B van Diepkloof No. 152, Makalusi No. 245, Waterval No. 84, Langgelegen No. 704, Mooihoek No. 129, Voorkeurplaats No. 332, Traaktaat No. 200, Gerust No. 361, Weltevreden No. 300, Vaalbank No. 266, Nooitgedacht No. 388, en die streek bestaande uit die plase C en B van Zaaifontein No. 143, Arcadia No. 660 en Bethal No. 623.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK NGOTSHE.

Die plase Wonderfontein No. 486 en Driefontein No. 151.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK UTRECHT.

Die streek bestaande uit die Utrecht-dorpsgronde en die plase Weltevreden No. 53, Waterval No. 51, en Politiek No. 67.

IN DIE MAGISTRAATSDISTRIK PAULPIETERSBURG.

Die streek bestaande uit die Paulpietersburgdorpsgronde.

✱ No. 250, 1952.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN VRYHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied van Vryheid Natal, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin afkondiging hiervan geskied (genoemde dag word hieronder die bepaalde datum genoem) 'n gebied is waarop die bepalings van genoemde artikel van toepassing is;

And I further require the Municipality of Vryheid to exercise with effect from the fixed date within the said area the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three*, save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the Municipality of Vryheid.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 251, 1952.]

AGREEMENT BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND FOR ESTABLISHING RULES OF RECIPROCAL ADMINISTRATIVE ASSISTANCE WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (2) of Section *ninety-four* of the Income Tax Act, 1941 (Act No. 31 of 1941), I do hereby declare that the convention and supplementary protocol concluded between the Government of the Union of South Africa and the Government of the United States of America on 13th December, 1946 and 14th July, 1950, respectively, and published in the *Government Gazette* under Proclamations No. 5 of 1947 and No. 240 of 1950, respectively, were ratified at Washington by the representatives of the two Governments on 15th July, 1952, and that simultaneously with such ratification, the protocol set out in the Schedule to this Proclamation, containing a certain reservation and a certain understanding with respect to the aforesaid convention and supplementary protocol, was concluded between the two Governments under sub-section (1) of the aforesaid Section *ninety-four* of the Income Tax Act.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

E. H. LOUW.

SCHEDULE.

The undersigned, G. P. Jooste, Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Union of South Africa to the United States of America, and Dean Acheson, Secretary of State of the United States of America, being duly authorized thereto by their respective Governments, have met for the purpose of exchanging the instruments of ratification by their respective Governments of the convention between the Union of South Africa and the United States of America for the avoidance of double taxation and for establishing rules of reciprocal administrative assistance with respect to taxes on income, signed at Pretoria on December 13, 1946, and the protocol signed at Pretoria on July 14, 1950, supplementing the said convention and the respective instruments of ratification of the convention and protocol aforesaid having been compared and found to be in due form, the exchange took place this day.

En verder gelas ek die Munisipaliteit van Vryheid om die bevoegdhede genoem in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig*, met ingang van die bepaalde datum in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so 'n werkgewer in diens is, deur my en nie deur die Munisipaliteit van Vryheid nie, uitgeoefen word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 251, 1952.]

OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA MET DIE OOG OP DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE OPSTELLING VAN REËLS BETREFFENDE WEDERSYDSE ADMINISTRATIEWE HULP MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by sub-artikel (2) van artikel *vier-en-negentig* van die Inkomstebelastingwet, 1941 (Wet No. 31 van 1941), verklaar ek hierby dat die konvensie en aanvullende protokol deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika aangegaan op onderskeidelik 13 Desember 1946 en 14 Julie 1950, en in die *Staatskoerant* gepubliseer by onderskeidelik Proklamasies No. 5 van 1947 en No. 240 van 1950, deur die verteenwoordigers van die twee Regerings te Washington op 15 Julie 1952 bekragtig is en dat, gelyktydig met sodanige bekragtiging, die protokol wat in die Bylae van hierdie Proklamasie uiteengesit is en wat 'n sekere voorbehoud en 'n sekere verstandhouding met betrekking tot voornoemde konvensie en aanvullende protokol bevat, deur die twee Regerings aangegaan is ingevolge sub-artikel (1) van voornoemde artikel *vier-en-negentig* van die Inkomstebelastingwet.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sesde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

E. H. LOUW.

BYLAE.

Die ondergetekendes, G. P. Jooste, Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Unie van Suid-Afrika by die Verenigde State van Amerika, en Dean Acheson, Staatsekretaris van die Verenigde State van Amerika, daartoe behoorlik gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, het bymekaar gekom met die doel om die dokumente van bekragtiging deur hulle onderskeie Regerings van die Konvensie tussen die Unie van Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika vir die vermyding van dubbele belasting en die opstelling van reëls betreffende wedersydse administratiewe hulp met betrekking tot belastings op inkomste, geteken te Pretoria op 13 Desember 1946 en die protokol geteken te Pretoria op 14 Julie 1950 ter aanvulling van die genoemde Konvensie, uit te ruil, en nadat die onderskeie dokumente van bekragtiging van voornoemde konvensie en protokol vergelyk is, en behoorlik opgestel bevind is, het die uitruiling vandag plaasgevind.

As recited in the ratification on the part of the United States of America, the Senate of the United States of America in its resolution of September 17, 1951, advising and consenting to the ratification of the convention and protocol aforesaid, expressed a certain reservation and a certain understanding with respect thereto, as follows:—

"The Government of the United States of America does not accept paragraph (3) of Article II of the protocol, relating to the profits or remuneration of public entertainers.

"It is understood that the application of Article XV of the convention, as amended by Article VII of the protocol, shall be confined and limited as granting authority to each Contracting State to collect only such taxes imposed by the other Contracting State as will insure that the exemption or reduced rate of tax granted under the present convention by such other State shall not be enjoyed by persons not entitled to such benefits."

The texts of the said reservation and the said understanding were communicated by the Government of the United States of America to the Government of the Union of South Africa. The Government of the Union of South Africa has accepted the said reservation and the said understanding. Accordingly, it is understood by the two Governments that the convention and protocol aforesaid, upon entry into force in accordance with their provisions, are modified in accordance with the said reservation, so that, in effect, paragraph (3) of Article II of the protocol aforesaid is deemed to be deleted, and it is understood further by the two Governments that, upon entry into force of the convention and protocol aforesaid in accordance with their provisions, Article XV of the convention, as amended by Article VII of the protocol, shall be applied in accordance with the said understanding.

IN WITNESS WHEREOF, the respective Plenipotentiaries have signed the present Protocol of Exchange.

DONE in duplicate, in the Afrikaans and English languages, at Washington, this fifteenth day of July, 1952.

FOR THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA:

(Signed) G. P. JOOSTE.

FOR THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA:

(Signed) DEAN ACHESON.

✱ No. 252, 1952.]

AGREEMENT BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND FOR ESTABLISHING RULES OF RECIPROCAL ADMINISTRATIVE ASSISTANCE WITH RESPECT TO TAXES ON THE ESTATES OF DECEASED PERSONS.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (2) of section *thirty-six bis* of the Death Duties Act (Act No. 29 of 1922), as amended by section *twelve* of Act No. 33 of 1939 and section *sixteen* of Act No. 46 of 1945, I do hereby declare that the convention and supplementary protocol concluded between the Government of the Union of South Africa and the Government of the United States of America on 10th April, 1947 and 14th July, 1950, respectively and published in the *Government Gazette* under Proclamations No. 103 of 1947 and No. 241 of 1950, respectively, were ratified at Washington by the representatives of the two Governments on 15th July, 1952, and that simultaneously with such ratification, the protocol set out in the Schedule to this Proclamation, containing a certain understanding with respect to the aforesaid convention and supplementary protocol, was concluded between the two Governments under subsection (1) of the aforesaid section *thirty-six bis* of the Death Duties Act, as amended.

Soos aangehaal in die bekragtiging van die kant van die Verenigde State van Amerika het die Senaat van die Verenigde State van Amerika, in sy besluit van 17 September 1951, waarin hy sy bekragtiging van voornoemde konvensie en protokol meedeel en daarin toestem, 'n sekere voorbehoud en 'n sekere verstandhouding in verband daarmee soos volg te kenne gegee:—

„Die Regering van die Verenigde State van Amerika aanvaar nie paragraaf (3) van Artikel II van die protokol, met betrekking tot winste of vergoeding van verskaffers van publieke vermaaklikheid, nie.

„Daar word verstaan dat die toepassing van Artikel XV van die Konvensie, soos gewysig by Artikel VII van die protokol, bepaal en beperk word om magtiging aan elke Kontrakterende Staat te verleen om alleen sodanige belastings, gehef deur die ander Kontrakterende Staat, in te vorder as wat sal verseker dat die vrystelling of verminderde skaal van belasting verleen onder die huidige konvensie deur sodanige ander Staat, nie persone baat wat nie op sodanige voordele geregtig is nie."

Die tekste van genoemde voorbehoud en genoemde verstandhouding is deur die Regering van die Verenigde State van Amerika aan die Regering van die Unie van Suid-Afrika meegedeel. Die Regering van die Unie van Suid-Afrika het genoemde voorbehoud en genoemde verstandhouding aanvaar. Derhalwe word deur die twee Regerings verstaan dat voornoemde konvensie en protokol by inwerkingtreding ingevolge hul bepalings, gewysig word in ooreenstemming met genoemde voorbehoud sodat paragraaf (3) van Artikel II van voornoemde protokol in werklikheid geag word geskrap te wees, en word verder deur die twee Regerings verstaan dat by die inwerkingtreding van genoemde konvensie en protokol in ooreenstemming met hul bepalings, Artikel XV van die Konvensie, soos gewysig by Artikel VII van die protokol, toegepas moet word ooreenkomstig genoemde verstandhouding.

TEN BEWYSE WAARVAN die onderskeie gevolmagtigdes die huidige protokol van uitruiling geteken het.

GEDOEN in duplo in die Afrikaanse en in die Engelse taal te Washington, op hede die vyftiende dag van Julie 1952.

NAMENS DIE REGERING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA:

(Geteken) G. P. JOOSTE.

NAMENS DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

(Geteken) DEAN ACHESON.

✱ No. 252, 1952.]

OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA MET DIE OOG OP DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE OPSTELLING VAN REËLS BETREFFENDE WEDERSYDSE ADMINISTRATIEWE HULP MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP DIE BOEDELS VAN OORLEDE PERSONE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by sub-artikel (2) van artikel *ses-en-dertig bis* van die „Sterfrechten" Wet, 1922 (Wet No. 29 van 1922), soos gewysig by artikel *twaalf* van Wet No. 33 van 1939 en artikel *sestien* van Wet No. 46 van 1945, verklaar ek hierby dat die konvensie en aanvullende protokol deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika aangegaan op onderskeidelik 10 April 1947 en 14 Julie 1950 en in die *Staatskoerant* gepubliseer by onderskeidelik proklamasies No. 103 van 1947 en 241 van 1950, deur die verteenwoordigers van die twee Regerings te Washington op 15 Julie 1952 bekragtig is en dat, gelyktydig met sodanige bekragtiging, die protokol wat in die bylae van hierdie proklamasie uiteengesit is en wat 'n sekere voorbehoud met betrekking tot voornoemde Konvensie en aanvullende protokol bevat, deur die twee Regerings aangegaan is ingevolge sub-artikel (1) van voornoemde artikel *ses-en-dertig bis* van die „Sterfrechten" Wet, soos gewysig.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

E. H. LOUW.

SCHEDULE.

The undersigned, G. P. Jooste, Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Union of South Africa to the United States of America, and Dean Acheson, Secretary of State of the United States of America, being duly authorised thereto by their respective Governments, have met for the purpose of exchanging the instruments of ratification by their respective Governments of the convention between the Union of South Africa and the United States of America for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on the estates of deceased persons, signed at Cape Town on April 10, 1947, and the protocol signed at Pretoria on July 14, 1950, supplementing the said convention, and, the respective instruments of ratification of the convention and protocol aforesaid having been compared and found to be in due form, the exchange took place this day.

As recited in the ratification on the part of the United States of America, the Senate of the United States of America, in its resolution of September 17, 1951, advising and consenting to the ratification of the convention and protocol aforesaid, expressed a certain understanding with respect thereto, as follows:—

"It is understood that the application of Article VIII of the convention, as amended by Article I of the protocol, shall be confined and limited as granting authority to each Contracting Party to collect taxes imposed by the other Party only in the case of the estate of a decedent claiming a credit under Article V of the convention."

The text of the said understanding was communicated by the Government of the United States of America to the Government of the Union of South Africa. The Government of the Union of South Africa has accepted the said understanding. Accordingly, it is understood by the two Governments that, upon entry into force of the convention and protocol aforesaid in accordance with their provisions, Article VIII of the convention, as amended by Article I of the protocol, shall be applied in accordance with the said understanding.

IN WITNESS WHEREOF, the respective Plenipotentiaries have signed the present Protocol of Exchange.

DONE in duplicate, in the Afrikaans and English languages, at Washington, this fifteenth day of July, 1952.

FOR THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA:

(Signed) G. P. JOOSTE.

FOR THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA:

(Signed) DEAN ACHESON.

✱ No. 253, 1952.]

LOSKOP GOVERNMENT IRRIGATION AREA.—DISTRICTS OF WITBANK, GROBLERSDAL AND MIDDELBURG, TRANSVAAL PROVINCE.—EXCISION OF MUNICIPAL AREAS.

Whereas the boundaries of the Loskop Government Irrigation Area have by Proclamation No. 67 of 1935, as amended by Proclamations Nos. 166 of 1936, 129 of 1940, 220 of 1944, 65 of 1949 and 23 of 1950, been defined in terms of section *ninety-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended;

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria op hede die Sesde dag van Oktober Eenduisend Nege honderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

E. H. LOUW.

BYLAE.

Die ondergetekendes, G. P. Jooste, Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Unie van Suid-Afrika by die Verenigde State van Amerika, en Dean Acheson, Staatsekretaris van die Verenigde State van Amerika, daartoe behoorlik gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, het bymekaar gekom met die doel om die dokumente van bekragtiging deur hulle onderskeie Regerings van die Konvensie tussen die Unie van Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika vir die vermyding van dubbele belasting en voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot die boedels van oorlede persone, geteken te Kaapstad op 10 April 1947 en die protokol geteken te Pretoria op 14 Julie 1950, ter aanvulling van genoemde Konvensie, uit te ruil, en nadat die onderskeie dokumente van bekragtiging van voornoemde Konvensie en protokol vergelyk is, en behoorlik opgestel bevind is, het die uitruiling vandag plaasgevind.

Soos aangehaal in die bekragtiging van die kant van die Verenigde State van Amerika het die Senaat van die Verenigde State van Amerika, in sy besluit van 17 September 1951, waarin hy sy bekragtiging van voornoemde konvensie en protokol meedeel en daarin toestem, 'n sekere voorbehoud in verband daarmee, soos volg, te kenne gegee:—

„Daar word verstaan dat die toepassing van Artikel VIII van die konvensie, soos gewysig by Artikel I van die protokol, bepaal en beperk word om magtiging aan elke kontrakterende party te verleen om belasting gehef deur die ander party, alleen in die geval van die boedel van 'n oorledene wat 'n krediet eis kragtens Artikel V van die konvensie, in te vorder."

Die teks van genoemde voorbehoud is deur die Regering van die Verenigde State van Amerika aan die Regering van die Unie van Suid-Afrika meegedeel. Die Regering van die Unie van Suid-Afrika het genoemde voorbehoud aanvaar. Derhalwe word deur die twee Regerings verstaan dat wanneer voornoemde konvensie en protokol in werking tree ingevolge hul bepalings, Artikel VIII van die konvensie, soos gewysig by Artikel I van die protokol, toegepas moet word ooreenkomstig genoemde voorbehoud.

TEN BEWYSE WAARVAN die onderskeie gevolmagtigdes die huidige protokol van uitruiling geteken het.

GEDOEN in duplo in die Afrikaanse en in die Engelse taal te Washington op hede die vyftiende dag van Julie 1952.

NAMENS DIE REGERING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA:

(Geteken) G. P. JOOSTE.

NAMENS DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

(Geteken) DEAN ACHESON.

✱ No. 253, 1952.]

STAATSBESPROEIINGSGEBIED LOSKOP, DISTRIKTE WITBANK, GROBLERSDAL EN MIDDELBURG, PROVINSIE TRANSVAAL.—UITSNYDING VAN MUNISIPALE GEBIEDE.

Nademaal die grense van die Staatsbesproeiingsgebied Loskop by Proklamasie No. 67 van 1935, soos gewysig by Proklamasies Nos. 166 van 1936, 129 van 1940, 220 van 1944, 65 van 1949 en 23 van 1950 kragtens artikel *ag-en-neëntig* van die Besproeiings en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig, omskryf is;

And whereas the Governor-General may, in terms of the said section *ninety-eight*, from time to time by like proclamation alter the boundaries of such area;

And whereas it is desirable to excise certain Municipal Areas from the said Government Irrigation Area;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said section *ninety-eight*, I do hereby declare that on and after the date of the publication of this my Proclamation in the *Gazette*, the Township areas of Marble Hall, Groblersdal, Groblersdal Extension No. 1 and Groblersdal Extension No. 2 as defined in Proclamations Nos. 3 of 1945, 26 of 1938, 265 of 1947 and 55 of 1943 respectively by His Excellency the Administrator of the Transvaal shall be excised from the Loskop Government Irrigation Area.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Sixth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-general.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. G. STRYDOM.

✱ No. 254, 1952.]

APPLICATION OF RATES OF DUTY IN ACCORDANCE WITH SCHEDULE XVIII TO THE GENERAL AGREEMENT ON TARIFFS AND TRADE TO GOODS PRODUCED OR MANUFACTURED IN THE WESTERN SECTORS OF BERLIN.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *eight ter* of the Geneva General Agreement on Tariffs and Trade Act, 1948 (Act No. 29 of 1948), as amended:—

(1) I hereby declare that the customs rates of duty as specified in Government Notice No. 1193 of the 7th June, 1948, as amended from time to time, shall with effect from 7th November, 1952, apply to goods produced or manufactured in the Western Sectors of Berlin; and

(2) I hereby rescind, with effect from 7th November, 1952, Proclamation No. 245 of 1950.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-first day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

E. H. LOUW.

✱ No. 255, 1952.]

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, IN THE PROVINCE OF THE ORANGE FREE STATE.

Whereas in terms of the provisions of sub-section (1) of section *thirty-seven* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), a Proclamation (No. 242 of 1950), was issued on the twentieth day of September, 1950, in terms of which the twenty-ninth day of September, 1950, was fixed as the date on which the provisions of the said Act, in so far as they relate to the Land Tenure Advisory Board or inspectors, shall come into operation in the Union;

And whereas it is considered expedient that the provisions of the said Act shall come into operation, in so far as they relate to any other matter, in the Province of the Orange Free State;

En nademaal die Goewerneur-generaal, kragtens genoemde artikel *ag-en-neëntig*, die grense van sodanige gebied deur 'n soortgelyke proklamasie van tyd tot tyd mag verander;

En nademaal dit wenslik is om sekere munisipale gebiede uit genoemde Staatsbesproeiingsgebied uit te sny;

